

Februarie 2004

Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek het besluit om nie so lui te wees nie en hierdie jaar meer fotos te plaas. Dit is tog wat die brief interessant maak. Onthou net dat die fotos verklein word [kwaliteit verlaag] om met e-pos te stuur. Laat weet asseblief as die brief te groot word en u sukkel om dit af te laai.

Klok van die Oos Kerk van Pretoria

Hierdie is ‘n lang storie. Ek hoop nie ek word net so langdradig soos die vertellers op “*Maak ‘n Las*” nie, maar dit is so moeilik om te weet waarom te begin. Eintlik wil ek skryf oor die klok van die Oos Kerk maar ek voel tog ‘n bietjie agtergrond kennis is interessant.

Eerste kerk op Kerkplein

Die kerk is gebou in 1854-1857 en was ‘n eenvoudige saaltipe gebou met dik mure en ‘n grasdak. Daar was sitplek vir 700-800 mense. Dit is gebou deur William Skinner en die Deveroux broers. Op een van die gewels was die voorletters van die bouers: DD en S en die jaartal 1855 daaronder. Daar bestaan ‘n hele paar fotos van die ou kerk maar nie op een van die fotos kon ek die bouers se voorletters sien nie. Reeds met inwyding van die kerk deur ds. Van der Hoff in Februarie 1857 was die kerk te klein en sommige mense het selfs op die balke gesit.

In die sestiger jare is die kerkgebou vergroot deur die aanbou van ‘n konsistorie en nog ‘n vleuel. Die kerkgebou is in September 1882 eers deur ‘n storm ernstig beskadig en nog dieselfde maand deur ‘n verwoestende brand, wat op raaiselagtige wyse ontstaan het, verder in puin gelê. Slegs die trap van die preekstoel en een nagmaalstafel kon gered word. Verskillende mense het hierdie raaiselagtige brand gesien as ‘n oordeel van God omdat Shepstone in 1877 in die Kerkgebou ingesweer is. [Daar was ook na Shepstone verwys as die “*duiwel se slypsteen*”.]

Tweede Kerk op Kerkplein

Die argitek van die tweede kerk op Kerkplein was Tom Claridge en die boukontrakteurs Marinus Franken en W. Van der Veen. [Pont p16] Volgens Andrews [p65] was A. J. Van der Veen die voorman van die messelaars toe die tweede kerk gebou is.

Hierdie kerkgebou wat die Victoriaan-Gotiese boustyl verteenwoordig het, was die eerste kerkgebou noord van die Vaal met ‘n toring. Die lengte en breedte van die kerkgebou was onderskeidelik 140 voet en 80 voet terwyl die toring by die hoofingang, wat in die rigting van Kerkstraat-Oos gefront het, 150 voet hoog was. Die kerkgebou sou aan ‘n duisend persone sitplek bied. In die toring was ook ‘n pragtige orrel geinstalleer. Die kerk is op 23 Januarie 1885 in gebruik geneem.

Die kerk word afgebreek

Die volgende kom uit die beskrywing van C.J. Beanes.

It was arranged that the body of President Kruger should lie in state in the old church for a few days before the funeral. All was ready for the arrival of the body when an official of the Public Works Department reported that the steeple was in danger of falling down. To prevent this happening during the service it was at once decided to remove the steeple.

A steel cable was placed round the top of the steeple and the two ends fixed to a traction engine (which in those days was the most powerful vehicle on the road in Pretoria). When all was ready the engine made a rush in the direction of Bureau Lane, but before it got so far the vehicle stopped, the cable became taut, and for a moment the front wheels of the traction engine were off the ground

and down came, not the steeple, but the wheather vane and the small piece of zink sealing the top of the steeple. The applause by the delighted onlookers was great.

While the cable was again - and yet again – being passed round the steeple the question was asked: “What is wrong with the steeple? It has been up for less than twenty years.” It is not possible to say whether the official who reported that the steeple was unsafe, had a good night’s sleep or not, but the operation was continued the following day with two traction engines, but every time the cable became taut it left the steeple and the front wheels of the engine in the air. It was a real fete day, nothing to pay, and the gleeful onlookers enjoying it to the utmost. The output of work in offices and shops must have been well below normal judging by the number of onlookers.

The few people who did not enjoy the fun were the members of the Public Works Department, and obviously they were troubled. The failure of the two traction engines to pull down the steeple caused operations to be suspended while a man went up and removed a few bricks from the lower courses. The cable was again placed in position and the traction engines rushed forward for the last time, and as the cable tightened a small part of the steeple fell into the roadway, but the bulk, pushed westward, smashed the roof of the church, fell into the nave and smashed the organ which at once made the building unsuitable for the lying-in-state.

This unexpected climax brought consternation to everybody and an embarrassed Government at once offered the Volksraad Chamber for the laying-in-state, but the officiating body chose the newly completed Suzanna Hall for the purpose.



Op die foto sien ons die twee stoomtrekkers wat gebruik was om die toering om te trek. Links op die foto is die raamwerk van die platform waar die sprekers vir die begrafnis sou staan. Agter die raamwerk is die Law Chambers en die geboutjie met die kantore van J.H.E. Bal. Langs die Law

Chambers is vandag die Reserve Investment gebou met die Café Riche. Aan die anderkant van die kerk sien ons die Ou Poskantoor en die Nasionale Bankgebou.

Vroeg in 1905 is die kerk heeltemal afgebreek. Hier volg die geskiedenis van die klok wat in die toering van die ou kerk was. [Geskryf deur F.J. du Toit Spies]

Op die kerkklok in die toering van die N.G. gemeente, Pretoria-Oos, Kirknessstraat, kan die volgende gelees word: *Anno Domini 1887. Gloria in Excelsis Deo. F. Otto in Hemelingen.* Die Latynse sinsnede is, soos bekend, ‘n aanhaling uit die Bybel en staan in verband met die lofsang van die Engele by die geboorte van Jesus: Ere aan God in die hoogste.... (Lukas 2:14); waarskynlik ‘n gebruiklike inskripsie in ‘n kerkklok. Verder is F. Otto waarskynlik die naam van die persoon of firma wat die klok gegiet het en Hemelingen die plek waar dit in 1887 vervaardig is. Hemelingen is ‘n plek naby Bremen, Duitsland.

Hierdie toeringklok in die Ooskerk is dieselfde as die wat in die toering van die kerk op Kerkplein gehang het, d.w.s. die laaste kerk wat op die plein gestaan het. Soos bekend is hierdie kerk in 1888 [?] gebou en die klok, wat, soos hierbo aangedui, in 1887 vervaardig is, moes dus direk uit Duitsland hier aangekom het – bliknuut. Daar in die statige groot kerk op die plein het dit dan gehang en vir ongeveer 15 jaar sy boodskap uitgebeier in tye van vrede en oorlog, van krisis en besetting.

Nadat die kerk gesloop is, is die klok in die Sunnyside-saal van die Pretoria gemeente benodig. Daar is naamlik van tyd tot tyd aldaar kerk gehou – vandaar die noodsaaklikheid van ‘n klok. Dit het toe jare lank by die Sunnyside-saal diens gedoen. Hierdie saal het op die hoek van Esselen- en Troyestraat gestaan. Na die afstigting van die gemeente Pretoria-Oos in 1920 het die Sunnyside-saal nog agt jaar as kerk van hierdie gemeente gedien en gedurende die agt jaar het die klok die gemeentelede elke Sondag bymekaargeroep. Met die bou van die Ooskerk in Kirknessstraat, wat in 1928 klaargekom het, is besluit om die geskiedkundige klok in die toering daarvan te installeer – en tel dit tans nog die ure af en beier dit elke Sondag met dieselfde klanke as in die dae van die Z.A.R.

In die jare dertig het ‘n merkwaardige voorval i.v.m. die klok plaasgevind. Soos destyds algemeen die geval was, is die klok deur middel van ‘n tou gelui. Die tou het in die toeringkamer bo die ingang van die kerk gehang, ‘n kamer waartoe toegang vanuit die galery verleen is. Tydens een oujaarsdagdiens het die waarnemende koster, mnr. Basson, daar in die toeringkamer aan ‘n hartaanval gesterf terwyl hy die nuwe jaar ingelui het. Niemand het onraad gemerk nie en sy lyk is eers ‘n paar dae later gevind.

Die voorval het, soos dit maar gaan, ‘n groot indruk gemaak, en toe maar weer vergete geraak. Toe egter ‘n tyd later verbygangers en inwoners vertel van eienaardige spookgeluide wat gedurende die nag uit die toering gehoor word, is die voorval weer in herinnering geroep. Bygelowige mense het dadelik aan die spokery gedink. Twee dapper verslaggewers van ‘n bekende koerant het egter besluit om ondersoek te gaan instel, en hulle het gevind dat die geluide afkomstig was van uile wat in die toering geslaap het. Dit het die saak opgelos, maar die kort berigging in die koerant het die aandag van die kerkraad getrek. Die betrokke kommissie het dadelik ‘n herhaling van die tragedie onder oë gesien en ondersoek ingestel na die moontlikheid om ‘n elektriese motor te installeer vir die lui van die klok. Dit was op daardie stadium te duur. Toe het hulle die koster vra of hy nog in staat voel om voort te gaan met die kloktou trek. Die antwoord was geruststellend. Hy het nog goed gevoel en het belowe om dadelik kennis te gee as hy onraad aan sy hart bemerk. Later is die elektriese installasie wel aangebring.

By die voltooiing van die Pretoria-Ooskerk was daar nog geen toeringhorlosie aangekoop nie. Hoewel ‘n fonds vir die aankoop daarvan gestig is, het die horlosie jaar na jaar agterweë gebly, net

die ronde holtes het in die vier windrigtings gestaar. Eers in 1959 is daar eindelik 'n horlosie aangeskaf wat natuurlik sedert die ure en halfure op die klok aftel. Op oujaarsnag 1959 is die horlosie in gebruik geneem en sy eerste slag was die twaalf slae wat die aanbreek van die nuwe jaar aankondig.

Gloria in excelsis Deo— Hoe min van ons weet dus dat die klok wat die gemeente van Pretoria-Oos ooproep *tot eer van God*, en wat die ure aftel om ons aan die verganklikheid van die lewe te herinner, dieselfde gedoen het in die dae van president Kruger en ds. H.S. Bosman.

Bronne

Die bronne wat ek geraadpleeg het was die volgende:

- * Allen, Vivien *Kruger's Pretoria* A.A. Balkema Kaapstad 1971
- * Andrews, T.E. *God's Acre. Church Street Cemetery* [sec edition] 1994
- * Beanes, C.J. *Church Square* Pretoriana Nommer 32 & 33 April – Augustus 1960
- * Dunston, Lola *Young Pretoria 1889 – 1913* Heer Printing Co. Pretoria 1975
- * Miering, Hannes *Pretoria 125* Human & Rousseau 1980
- * Pont, Prof. Dr. A.D. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente – Pretoria 1855-1980* Gutenberg Boekdrukkers Pretoria 1980
- * Spies, F.J. du T. *Uit die Geskiedenis van 'n Kerkklok* Pretoriana Nommer 61 Desember 1969

Ann Lehmkuhl van Kanada het die volgende gestuur oor Rider Haggard
[ek het die inhoud effe verkort]

Johanna Catharina LEHMKUHL (born 10 Nov 1854 in Port Elizabeth, died 30 Aug 1885 in Pretoria) was my husband's grand-aunt (sister of his grandfather). She was married to Lewis Peter FORD on 11 Jan 1875 in Kimberley. One of Johanna's children was Ethel Rider FORD, born on 16 Sept 1879 and died 05 Nov 1879, she is buried with her sister Lily FORD (born 30 Jul 1878, died 23 Jul 1879) in a common grave in the FORD family plot at Heroes' Acre Cemetery in Pretoria. Johanna is buried in the same plot and has an imposing monumental headstone. Ethel was fathered by Rider HAGGARD and Lewis Peter FORD did not know this or chose not to let anyone know that he knew.

From the St Alban's Anglican Church (Pretoria) Baptism Registers:

Entry 176, Page 44 Baptism Date: 25 Oct 1879

Child: Ethel Rider FORD

Date of birth: 16 Sept 1879

Parents: Lewis Peter & Johanna Catherine FORD

Abode: Pretoria

Father's Occupation: Advocate

Witnesses: Henry Rider HAGGARD, Arthur H.W. COCHRANE, Av Justice W.M. JUTA

Minister: Arthur James LAW

The Rider Haggard (1856-1925) story is fact and was extensively researched by the journalist, Stephen Coan, editor of Diary of an African journey - The return of H Rider Haggard.

In August 1999 I read a newspaper story about vanishing old buildings in Pietermaritzburg. I wrote a letter to the Natal Witness about my concerns. Lo and behold! I received an email with news that I never knew about. All because of an old building!

Quote from email: You kindly assisted in a query I put out on the Internet. I made a printed copy of the communication and yesterday while going through my files your surname suddenly jumped out

at me - plus the fact you are a South African genealogist. And this morning I see you have a letter in the Natal Witness where I work. For some years I have been researching the life of H. Rider Haggard with particular reference to his time in South Africa 1875-1881. I am currently editing the "Diary of an African Journey" by Haggard for publication - the diary of a visit he made to southern Africa in 1914. During his visit to Pretoria he visited the Heroes' Acre cemetery. Not mentioned in the final diary but in his rough notes is the fact that one of the graves he visited was that of "Johanna Catherine Ford (born Lehmkuhl) D. Aug 30 1885 in 31st year". The significance of the entry is that he had a relationship with Mrs Ford in 1878/79 and they had a child. Named Ethel Rider she did not live long and is buried in the Ford family plot with the inscription "Ethel Rider B. 16 Sept 79 D 5 Nov 79".

While it was known that Haggard had some sort of romantic complication in Pretoria the actual details only came to light recently in Victoria Manthorpe's book "Children of Empire" which made use of the previously unavailable correspondence of Haggard's friend, Arthur Cochrane. The true parentage of Ethel Rider appears to have been kept from Mr Ford who later happily visited the Haggard family at their farm in Newcastle in 1881. (In the interim Haggard had returned to England and married before returning to South Africa.)

I have been trying for some time to find background on the Fords and Lehmkuhls. Given your surname and your genealogical interest I wonder if you are able to throw any light on the matter. End Quote.

An old building and a newspaper letter, has created some interesting branches!

And in July 2000:

Sir Henry Rider HAGGARD is known to many people as a writer of adventure-filled books. The Natal Witness assistant editor Stephen COAN has edited, annotated and written an introduction for the diary Haggard kept on his 1914 trip to South Africa with the Dominions Royal Commission. Haggard first went to South Africa as a young man of 19 in 1875 and returned to England in 1881. In his research Coan discovered previously unknown facts about the diarist. These include Haggard's meeting with John DUBE, the first president of the ANC, and the discovery of the name and grave of the writer's illegitimate daughter.

Coan contacted the Norfolk Records Office in Britain for Haggard material and they sent him a microfilm of Haggard's rough draft of the 1914 diary, where Coan discovered the Dube interview. On a visit to England, Coan went to see Haggard's grandson, Commander Mark CHEYNE, who lives in Haggard's old home at Ditchingham. CHEYNE produced the typescript of the 1914 diary and asked COAN if he would like to find a publisher. The University of Natal Press was an ideal publisher as the diary makes many references to Natal and Pietermaritzburg and covers Haggard's trip to Zululand with James STUART. Haggard met DUBE in Phoenix. The diary has been published by the University of Natal Press as Diary of an African Journey: The Return of Rider Haggard and was launched at the recent Grahamstown Festival.

In the published diary is Coan's photograph of a small gravestone in the old cemetery in Pretoria, that of Ethel Rider FORD. Victoria MANTHORPE's 1996 biography had revealed that in 1879 Haggard had an affair with "a Mrs Ford" who gave birth to his child. In the rough draft of the 1914 diary Haggard mentions a visit to the old cemetery in Pretoria's Church Street where he saw Paul KRUGER's grave and noted the inscriptions on those of Johanna FORD and her infant. In the final diary typescript, these are omitted. On Johanna FORD's grave, the inscription reads "born LEHMKUHL". The FORD family were Transvaal pioneers for whom Fordsburg is named.

Die volgende van Nico van der Walt was in die November brief:

Indien jy so gaaf wil wees om dit in jou Pretoria nuusbrief te meld: Die jongste Nuusbrief van die Africana Vereniging van Pretoria is op e-pos gratis beskikbaar. Daar is heelwat Pretoria nuus in maar ook algemene Africana. Indien hulle dit wil ontvang kan hulle my (Nico van der Walt) kontak by nicolaas@icon.co.za of tel. 012 5422641. Groete, Nico

Sy adres het intussen verander en is nou: nicolaas@tiscali.co.za

**GERARD MOERDYK: MAN EN MONUMENT
UITNODIGING NA DIE EERSTE
GERARD MOERDYK-GEDENKLESING
2004**

Die Voortrekkermonument gaan voortaan jaarliks ‘n **prestige-lesing** aanbied met die doel om Gerard Moerdyk, een van Suid-Afrika se vooraanstaande argitekte, te huldig. Hy het sy unieke stempel op die kerkboukuns afgedruk (meer as 80 kerke in Suid-Afrika, Namibië en Zimbabwe); en onder meer die Johannesburgse stasie en die toenmalige *Libertas*, die woning van die Eerste Minister, ontwerp. Sy *magnum opus* is die Voortrekkermonument en dit is dus gepas en wenslik dat die Voortrekkermonument deur middel van só ‘n lesingreeks die fokus op Moerdyk en sy bydrae plaas, asook op verwante aspekte van Suid-Afrika se argitektoniese erfenis.

U word dus vriendelik uitgenooi na die eerste Gedenklesing, aangebied deur Gerard Moerdyk se dogter, dr. Irma Vermeulen.

GERARD MOERDYK: MAN EN MONUMENT

DATUM: DONDERDAG 4 MAART 2004

TYD: 18:30 VIR 19:00

PLEK: KUNSGALERI (GALERY 20/20), VOORTREKKERMONUMENT

DRAG: SEMI-FORMEEL

Geliewe Estelle Pretorius of Vicky van Schalkwyk voor of op **16 Februarie 2004** in kennis te stel of u die lesing wil bywoon.

Tel: (012) 326-6770

Faks: (012) 326-8374

E-pos: navorsing@voortrekkermon.org.za

Die volgende kom van Nel Redelinghuis. Dit is nie oor ou Pretoria nie maar sal seker baie interessant wees.

Staptoere deur Melville, sekerlik die interessantste voorstad van Johannesburg word elke vierde Sondag van die maand deur n inwoner, n geregistreerde toergids, aangebied. Beleef hierdie dinamiese voorstad wat reeds in 1896 ontstaan het en sien die haas ongelooflike veranderinge wat in net meer as 100 jaar plaasgevind het. Van die dae voor hoë mure, geëlektrifiseerde heinings en internet kafees, toe n windpomp en n rondloper melkkoei in die erf nie ongewoon was nie, toe

perdekarre en ossewaens nie parkeerprobleme in Sewende Laan veroorsaak het nie, en n heerlike ete in die enigste restaurant 25 sent gekos het.

Tye: 2.30 tot 5 uur.

Koste: R45 pp. Ligte verversings ingesluit.

Toere kan ook op aanvraag vir vyf of meer persone gereël word.

Vir meer inligting en om te bespreek skakel Nel by (011) 726 1448 of 083 373 0159

Groete tot volgende maand

Rosa Swanepoel

[Ek het 'n foto waar die kerk al amper heeltemal afgebreek is en op die voorgrond tussen die bourommel is die klok duidelik sigbaar. Die foto verskyn oop op bladsy 40 in die *Eeu fees-Album Pretoria se eerste eeu in Beeld* wat deur die Stadsraad van Pretoria uitgegee is. Die een wat ek het is ongelukkig vreeslik groot, meer as 4,533 Kb en ek kry dit nie klein genoeg om te plaas nie]